

Donderdag 2 Junie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:1-10; HK Sondag 13, Antwoord 33

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:1

Wat dit beteken om kinders van God te wees

Dit is 'n groot genade en liefde wat die Vader aan ons betoon het dat ons, wat van nature kinders van die toorn is en God se straf verdien (Ef. 2:3), nou uit genade en om Christus ontwil tot kinders van God aangeneem is (Ef. 1:5). Omdat Christus in ons plek ten volle aan God gehoorsaam was tot die dood toe, word sy verdienste aan ons, die ongehoorsame kinders van God, toegereken asof ons self alles volbring het wat Hy vir ons volbring het. So het ons kinders van God geword.

Wat beteken dit nou vir ons dat ons om Christus ontwil tot kinders van God aangeneem is? In die lig van die Skrif vestig ons die aandag op drie fasette daarvan.

Eerstens bring dit rus in ons onrustige gemoedere, want dit sê aan ons dat ons 'n Vader het wat ons in liefde sal versorg met alle goeie dinge vir hierdie en die toekomstige lewe. In watter ang of benoudheid ons ook al mag verkeer, dit weet ons: ons het 'n Vader in die hemel wat sal sorg. Hy sal help. Hy sal voorsien. Christus het tog Self aan ons gesê: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan die wat dit van Hom vra?" (Matt. 7:11).

So sorg ons Vader vir ons as sy kinders. Sien ons in ons kos, klere, liggaamskragte, kinders en baie ander dinge God se hand? *Tweedens plaas ons kindskap van God 'n gewigtige roeping op ons, naamlik om so te lewe dat almal aan ons kan sien dat ons kinders van God is en nie kinders van die duiwel nie. Hierdie roeping en plig word duidelik aan ons voorgehou in Filippense 2:15, 16 waar Paulus sê: "Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra."*

Ons lewe inderdaad tussen ontaarde en korrupte mense. Onder hulle moet ons as kinders van God so lewe dat ons skyn soos ligte in die wêreld en soos 'n lig op 'n berg.

Derdens bied ons kindskap van God aan ons troos in ons beproewings. Daarvan sê God se Woord in Hebreërs 12: "My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou tereg wys nie ... Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as kinders ... As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie."

Wie 'n kind van God is, word deur Hom beproef. Die Here doen dit nie omdat dit vir Hom aangenaam is nie (Klaagl. 3:33), maar omdat die beproewings vir sy kinders nodig is om hulle op die regte pad te hou en hulle vaster aan Hom te bind (Rom. 8:28).